Mediavrystelling

Suid-Afrika, 25 November 2016 – Naspers Beperk (JSE: NPN) het vandag sy resultate vir die ses maande tot 30 September 2016 aangekondig.

BEMOEDIGENDE EERSTE SES MAANDE

Naspers het vandag sy finansiële resultate vir die ses maande tot 30 September 2016 aangekondig. Omset soos gemeet op die grondslag van ekonomiese belang, insluitend die proporsionele bydrae van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings, het jaar tot jaar met 16% tot VS$6,8mjd toegeneem. Met verkrygings, verkope en wisselkoersbewegings uitgesluit, het omsetgroei 27% beloop. Ondernemings buite Suid-Afrika het 80% van omset bygedra, teenoor 75% ’n jaar gelede.

Kernwesensverdienste het met 31% tot VS$914m gestyg. “Ons het ’n bevredigende eerste ses maande van die finansiële jaar gehad,” het Naspers se voorsitter, Koos Bekker, gesê. “Die e-handelsondernemings en Tencent het goed presteer, terwyl videovermaak en media hul bes gedoen het in taamlik moeilike omstandighede.”

As deel van gereelde portefeulje-oorsigte, het Naspers vier belangrike e-handelstransaksies aangegaan. In Pole sal die ooreengekome verkoop van Allegro vir VS$3.25mjd ’n stewige opbrengs op belegging lewer. In Indië sal die samesmelting van die ibibo-platform met MakeMyTrip ’n toonaangewende onderneming in die reissegment skep. Die verkryging van Citrus Pay dryf konsolidasie in die aanlynbetalingsegment in Indië, terwyl die konsolidasie met Wallapop in die Verenigde State (VS) vir die suiwer mobiele geklassifiseerdeadvertensie platform letgo groter skaal gee.

Naspers rapporteer nou in Amerikaanse dollar (VS$) - die finansiële prestasie van die ondernemings word in hul funksionele geldeenhede gekonsolideer en in VS$ omgereken. Waar toepaslik, word prestasie in plaaslike geldeenhede en aangepas vir verkrygings en

verkope tussen hakies aangehaal ná die ekwivalente maatstaf wat kragtens Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde gerapporteer is.

Wisselkoerse het weereens resultate beïnvloed. In die videovermaak-segment, wat tipies plaaslike geldeenhede verdien maar beduidende koste in Amerikaanse dollar aangaan, het dit beide omset en winsgewendheid geaffekteer. Die e-handelsegment word egter tot ‘n mindere mate hierdeur geraak, danksy die groep se wye geografiese verspreiding en die feit dat koste hoofsaaklik in plaaslike geldeenhede aangegaan word.

Omset in die internetsegment, wat nou 72% van groepomset verteenwoordig, het met 30% (40%) gestyg tot VS$4,9mjd. Handelswins was 54% (72%) hoër, afkomstig van Tencent en hoër wins of krimpende verliese in baie e-handelondernemings. “Die groep het nou 23 winsgewende handelsondernemings, teenoor 18 ’n jaar gelede,” het uitvoerende hoof Bob van Dijk gesê. “Die geklassifiseerdeadvertensie onderneming het oor die hele portefeulje sterk resultate gelewer, veral danksy Avito se bydrae. Ons e-kleinhandels-, reis- en betalingsondernemings het almal goed gevaar.”

Die digitale terrestriële televisie (DTT)-onderneming en die videovermaak-groep in Afrika het die effek van swak geldeenhede ondervind. Gerapporteerde omset van VS$1,6mjd was 8% laer (6% hoër) as die vorige jaar en handelswins het met 43% geval het tot VS$226m. Die span het egter bevredigende intekenaargroei bewerkstellig en 11 miljoen intekenare gerapporteer. Ons fokus steeds daarop om aan intekenare die allerbeste gehalte plaaslike en internasionale inhoud te gee, maar ook op kostebestuur, die verbetering van klantediens en die behoud van klante in ’n omgewing waar mededinging van internasionale spelers soos Amazon, Netflix, Apple en Google skerp toeneem. ShowMax, die video-op-aanvraag-intekendiens, groei bestendig.

Die drukmediasegment van Media24 het nog steeds met strukturele dalings in sy tradisionele drukmedia-onderneming te kampe – ’n verskynsel wat wêreldwyd ervaar word. Die onderneming se nuwe e-handelsinisiatiewe het positiewe omset getoon en baat gevind by vars produkaanbiedings.

Die groep se belang in die resultate van ekwiteitsverantwoorde beleggings was VS$912m en hul bydrae tot kernwesensverdienste het met 47% gestyg. Gekonsolideerde vrye kontantvloei was bykans neutraal, weens laer winsgewendheid in die videovermaak-onderneming in Afrika suid van die Sahara en hoër ontwikkelingsbesteding.

“Die groep sal voortgaan om in langtermyngeleenthede te belê en nog belowende modelle in die internetsegment te ondersoek,” het finansiële hoof Basil Sgourdos gesê. “In die VS verwag ons om letgo se ontwikkelingsbesteding te versnel om sy posisie verder te versterk. In die videovermaak-segment hoop ons om ’n moeilike omgewing die hoof te bied deur koste te verlaag om die impak van dalende geldeenhede teen te werk, asook om DTH-klante by te kry deur groter waarde aan te bied,” het hy bygevoeg.

Vir meer inligting, kontak:

Meloy Horn, Hoof van Beleggersverhoudinge
Tel: +27 11 289 3320
+27 11 289 4446
Selfoon: +27 82 772 7123

Basil Sgourdos, Finansiële Hoof
Tel: +852 2847 3365
Selfoon: +852 9080 5155

Die volledige resultate is op Naspers se webwerf beskikbaar by http://www.naspers.com.

BELANGRIKE INLIGTING

Hierdie mediavrystelling bevat vooruitskouende verklarings soos omskryf in die Verenigde State se “Private Securities Litigation Reform Act” van 1995. Woorde soos “glo”, “verwag”, “voorneem”, “beoog”, “wil”, “beplan”, “kan”, “mag”, “streef” en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings te identifiseer nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en verwagtings verteenwoordig, kan verskeie risiko’s, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike

ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit baie faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouende verklarings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeurtenisse of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouende verklarings wat hierin vervat is nie.

- EINDE -